21 Emosies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Blydskap

## Filippense 4:4

Blydskap is nie gelukkig wees nie. Ons almal is altyd op soek na geluk. Tog het ons elkeen ons skoot pyn en hartseer.

Nêrens sê die Bybel jy sal te alle tye gelukkig wees nie. Die Bybel sê wel jy kan te alle tye blydskap beleef.

Geluk loop hand aan hand met omstandighede. Blydskap, aan die ander kant, het met jou verhouding met Jesus Christus te make.

Blydskap is nie gebonde aan emosies, omstandighede en ander mense nie.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas

# Blydskap

Filippense 4: 4 is 'n gebod wat twee keer herhaal word om te beklemtoon, sodat ons dit nie sal afskud nie. Dit is 'n opdrag wat ons doelbewus moet kies, veral as ons in moeilike omstandighede verkeer. Watse keuses kan jou nader aan blydskap bring?

Alhoewel ons harte swaar is van pyn of hartseer as gevolg van beproewings, is die blywende vertroue dit: dat ons God almagtig is en dat ons lewens in Sy hande is, sodat die hare van ons hoof nie eers op die grond val sonder Sy kennis nie. Hoe beïnvloed hierdie waarheid die manier hoe jy na jou lewe kyk?